

Karakter- eienskappe van Die Godheid.



Karakter-eienskappe van die Godheid.

Daar is geen ander kennis so belangrik vir die mens as die kennis van die Godheid nie. Ons hele lewensbestaan is daarvan afhanklik. Die huidige sowel as die ewige. En tog sal ons nooit God in Sy volheid en grootheid kan ken en begryp nie. Maar dit mag ons ook nie verhinder om te soek na die dinamika openbaringskennis van God nie. Dit wat Hy wel in Sy Woord aan ons openbaar, moet ons ondersoek en deurgrond sodat ons meer omtrent God die Vader, Seun en Heilige Gees te wete kan kom.

Deur God te ken, leer ons ook om onself te ken.

Jer 17:9 Bedrieglik is die hart [van die mens] bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?

Jer 9:23 So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie;

Jer 9:24 maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge **het Ek 'n behae, spreek die HERE.**

Sy openbaringskennis aan ons strek so ver as wat ons nodig het om Hom te ken sodat ons die saligheid mag verkry en tot Sy eer kan leef. Openbaringskennis is die vermoë wat die Heilige Gees aan die kind van die Here gee om die gedagte van God te ken en te verstaan. Ons kan en mag en moet van die verborgenhede van God weet sodat ons nie soos blindes hier op die aarde rondtas nie. Onthou hierdie groot waarheid: geen mens leer openbaringskennis nie, hy bekom dit deur die verligting van sy geestesoë, jou verhouding met God die Vader. Ons kan die regte en suiwere kennis van God verkry slegs sover as wat Hy homself aan ons openbaar deur middel van Sy kosbare Woord. Psm 25:14 "Die verborgenheid van die Here is vir die wat Hom vrees, en Sy verbond om hulle dit bekend te maak". Akedemiese kennis hang af van my intellektuele vermoë, maar openbaringskennis hang af van my verhouding met God.

Hoe kan ons God ken?

Slegs wanneer die verhewe God die beperkte menslike begripsvermoë binnedring kan ons Hom leer ken. Ons kan Sy werking in die natuur

waarneem en Sy invloed in ons lewens bespeur, maar ons leer Hom ken deur:

(1) Sy algemene openbaring aan die mensdom.

(a) God is in die skepping geopenbaar deur Sy werke.

Rom 1:19 omdat wat van God geken kan word, in hulle [die mens] openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar.

Rom 1:20 Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie;

(b) God word geopenbaar in Sy onderhouding van alle dinge:

Die hele skepping is afhanklik van Hom en kan nie voortbestaan sonder Sy onderhouding en voorsiening nie.

Hy dra sorg vir die voëls van die hemel: Mat 6:26 Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle.

Hy dra sorg vir die lelies van die veld en ook die gras van die veld: Mat 6:28 En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie;

Mat 6:30 As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is **en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?**

Hy is ook die 'Mensebewaker': Luk 12:7 Maar selfs die hare van julle hoof is almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies.

Hy dra sorg vir:

Die see: Job 38:8 En wie het die see met deure afgesluit toe dit uitgebreek, uit die moederskoot voortgekom het? Job 38:11 en **gesê het: Tot hiertoe mag jy kom en nie verder nie; en hier word 'n grens gestel vir jou trotse golwe.**

Die weerligstrale: Job 38:35 **Kan jy die bliksems uitstuur**, sodat hulle heengaan en vir jou sê: Hier is ons!

Die reën: Job 38:37 Wie kan die wolke met wysheid tel? En die watersakke van die hemel—wie giet hulle leeg?

Die dag en nag; wind: Job 38:24 Waar is tog die weg na die plek waar die lig gedeel word, die oostewind hom uitsprei oor die aarde?

Storm en onweer :

Job 37:1 Ja, hiervoor beef my hart en spring op uit sy plek.

Job 37:2 Luister, luister na die gedruis van sy stem en die dreuning wat uit sy mond uitgaan.

Job 37:3 Onder die ganse hemel laat Hy dit los en sy lig oor die eindes van die aarde.

Job 37:4 Daarna brul sy stem, Hy donder met sy stem vol majesteit en hou die bliksems nie terug as sy stem gehoor word nie.

Job 37:5 **God donder wonderbaar met sy stem;** Hy doen groot dinge wat vir ons onbegryplik is.

Job 37:6 **Want Hy gebied die sneeu:** Val op die aarde! Ook die stortreën, ja, sy geweldige stortreëns.

Psm:29 "n onweerspsalm" Vers 3: Die stem van die Here is op die waters, **die God van eer donder;** die Here is op die groot waters. Vers 4: Die stem van die Here is met krag; die stem van die Here is met heerlijkheid. Vers 5: Die stem van die Here breek seders; ja, die Here verbreek die seders van die Libanon. Vers 7: Die stem van die Here slaan daar vuurvlamme uit.

En so kan ons voortgaan, **die dou, die hael,** en so meer. Alles word deur God in stand gehou en onderhou.

(c) God word geopenbaar daarin dat Hy die wêreld regeer. In die geskiedenis van die wêreld kan Sy Hand duidelik bespeur word in die opbou en vernietiging van nasies, veral die Joodse volk.

Jer 18:7 In een oomblik sal Ek spreek **oor 'n nasie en oor 'n koninkryk** om dit uit te ruk en om te gooi en te vernietig;

Jer 18:8 maar as dié nasie waaroor Ek gespreek het, hulle bekeer van hul boosheid, sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan was om hulle aan te doen.

Jer 18:9 **En in 'n ander oomblik sal Ek spreek oor 'n nasie en oor 'n koninkryk** om dit te bou en te plant;

Jer 18:10 maar as hulle doen wat verkeerd is in my oë deur na my stem nie te luister nie, dan sal Ek berou hê oor die goeie waarmee Ek gesê het dat Ek aan hulle goed sal doen.

Gen 6:6 het dit die Here berou dat Hy die mens op aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart. [In die dae van Noag]

Gen 18:20 Verder het die Here gesê: Die geroep oor Sodom en Gemora is waarlik groot, en hulle sonde is waarlik swaar. [Die sonde van sodomie]

Dan 2:21 Hy tog verander die tye en die geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan; Hy verleen wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het;

(2) Sy Besondere openbaring:

Die Skrif is vir ons die Boek van God se besondere openbaring. Voor die geskrewe Woord, het God direk tot die mens gespreek.

As 'n Engel:

Gen 16: 7 En die Engel van die HERE het haar (Hagar) by 'n fontein in die woestyn gevind, by die fontein op pad na Sur,

As Manne:

Gen 18:1 Daarna het die HERE aan hom (Abraham) verskyn by die terpentynbome van Mamre terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag.

Gen 18:2 Toe hy sy oë opslaan en kyk, staan daar drie manne voor hom. En toe hy hulle sien, loop hy hulle tegemoet van die ingang van die tent af en buig hom na die aarde toe.

In 'n materiële vorm:

Brandende doringbos: Exo 3:2 Daarop verskyn die Engel van die HERE aan hom (Moses) **in 'n vuurvlam uit 'n doringbos**. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie! = Is die Joodse volk wat sal bly voortleef.

'n Wolkkolom en vuurkolom: Exo 14:24 En in die môrewaak het die HERE, in die vuur— en wolkkolom, op die leër van die Egiptenaars afgekyk en die leër van die Egiptenaars in verwarring gebring.

‘n Wolk op die Versoendeksel: Lev 16:2 en die HERE het aan Moses gesê: Spreek met jou broer Aäron dat hy nie te eniger tyd moet ingaan in die heiligdom nie, binnekant die voorhangsel, voor die versoendeksel wat op die ark is, sodat hy nie sterwe nie; want Ek verskyn in die wolk op die versoendeksel.

Met ‘n hoorbare stem: Exo 33:11 Dan spreek die HERE met Moses **van aangesig tot aangesig soos ‘n man met sy vriend spreek.** Daarna gaan hy na die laer terug; maar sy dienaar Josua, ‘n jongman, die seun van Nun, het hom nie uit die tent verwyder nie.

In ‘n menslike gestalte in die persoon van Jesus Christus: Mat 1:23 Kyk, die maagd sal swanger word en ‘n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.

(3) Profetiese openbarings:

Die profete het profesië in visioene en drome ontvang (bv Jesaja, Daniël, Esegïel, ens) en hierdie profesië word treffend vervul en openbaar God as die alwetende aan ons.

(4) Wonderwerke:

Deur die wonderwerke in Sy Woord demonstreer Hy Sy Almag aan ons.

Exo 7:3 En Ék sal Farao se hart verhard en my tekens en wonders in Egipteland vermenigvuldig.

Joh 4:48 Jesus sê toe vir hom: As julle nie tekens en wonders sien nie, sal julle nooit glo nie.

Die Godheid

Die Godheid bestaan uit die Vader, Seun en Heilige Gees.

Die Vader is God: Rom 1:7: Genade vir julle en vrede van God onse Vader

Hy is heilig: Joh 17:11 Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.

Die Seun is God: Heb 1:8 maar van die Seun: U troon, o God, is tot **in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is ‘n regverdig septer;**

Hy is heilig: Hand 3:14 En julle het die Heilige en Regverdige **verloën en gevra dat 'n moordenaar aan julle geskenk sou word,**

Die Gees is God: Hand 5:3 Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou?

Hand 5:4 As dit nie verkoop was nie, het dit nie jou gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.

Hy is heilig: Efes 4:30 En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.

Alhoewel God die Vader die grootste is [Joh 14:28], omdat my Vader groter is as Ek.] kan dieselfde karakter eienskappe aan die Godheid as geheel toegeskryf word.

Die Seun en die Gees is onderworpe aan die Vader, maar die engele, die mens en die natuur is onderworpe aan die Godheid as geheel, Vader, Seun en Heilige Gees.

Die Vader het die Seun gegeneer. Heb 1:5 Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer? **en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?**

Die Vader lewe en die Seun ontvang die lewe van Sy Vader. Joh 6:57 Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet [nagmaal], ook deur My lewe.

Christus het die werke van Sy Vader gedoen [Joh 9:4 Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het,] en was aan Hom gehoorsaam tot die dood toe. [Fil 2:8 **en in gedaante gevind as 'n mens**, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.]

Karaktertrekke van die Godheid.

1. Liefde:

Die eerste en baie belangrike karaktertrek van die Godheid is liefde. 1Joh 4:16 En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo.

God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.

Hierdie liefde van God word dikwels misverstaan. Ongelukkig interpreteer te veel mense dit om te beteken dat God nooit die verkeerde daad straf nie. En dat Hy net daar is om ons te bederf en te seën met al die goeie en mooi dinge in die lewe. Dit is egter vër van die waarheid. Sy Woord leer ons in: Joh 15:10 As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.

Die liefde van God word waarlik uitgebeeld in die groot liefdes-offer wat Sy Seun gebring het: Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Jesus Christus het, uit liefde, die duurste prys denkbaar vir ons redding betaal. Die minste wat ons kan doen, is om Hom lief te hê, om gehoorsaam te wees aan al God se gebooie en Sy wil te doen.

Luk 10:27 En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself.

God verwag dat ons Hom moet liefhê, dat ons Sy Seun moet liefhê en dat ons Sy Heilige Gees moet liefhê.

God se liefde beteken dat hy sal doen wat reg en geregtig is in elke saak.

Strafloosheid, beeld nie liefde uit nie. Liefde tugtig juis diegene wat hy liefhet.

2. Getrou:

God se getrouheid is deur en deur bewys, deur die eeue heen. Hy is ten volle betroubaar, getrou en onfeilbaar. Hy sal doen wat Hy beloof. Sy beloftes aan Sy kinders is JA en AMEN!

Deut 7:9 Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte.

Hy verwag ook van ons om Sy karaktertrekke te openbaar en getrou te wees, maar ongelukkig is net die teenoorgestelde van ons as mens waar. Ons is so onbetroubaar en ontrou. Ons faal Hom so dikwels, daarom moet ons daarna strewende om self ook getrou te wees. Betroubaar in alles wat ons doen en sê. Om te hou by ons beloftes. Ons woord gestand te doen.

Fil 2:5 **Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.**

Pred 5:1 **Wees nie haastig met jou mond nie, en laat jou hart nie gou 'n** woord uitbring voor die aangesig van God nie; want God is in die hemel, en jy op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees.

Pred 5:2 Want soos die droom kom deur baie drukte, so die gepraat van die dwaas deur baie woorde.

Pred 5:3 As jy **'n gelofte aan God gedoen het**, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe.

Pred 5:4 Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie.

Pred 5:5 Laat jou mond nie toe om **op jou liggaam 'n sondeskuld te** laai nie,

Dit geld vir beloftes aan GOD, maar ook vir beloftes aan ons medemens.

3. Onveranderlik:

God verander nooit van gedagte nie. Hy sê nie vandag iets en môre weer iets anders nie. Sy JA is JA en Sy NEE is NEE. Sy verordeninge is en bly dieselfde tot in alle ewigheid. Hy het definitief geen probleem met besluiteloosheid nie. Wanneer Hy iets besluit het, staan dit vas tot in alle ewigheid. En wanneer Hy ons belowe dat HY ons sondes sal vergewe wanneer ons na Hom toe kom met berou, bedoel Hy presies nêr dit.

Mal 3:6 Want Ek, die HERE, het nie verander nie;

Heb 13:8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

Jas 1:17 Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.

Jes 41:4 Wie het dit gedoen en tot stand gebring? Hy wat die geslagte roep van die begin af; Ek, die HERE, die Eerste, en by die laaste is Ek dieselfde.

Dank God!!! Hy is en bly dieselfde!!! Ons dien nie 'n God wat vandag sus en môre só sê nie. Daar heers by ons geen verwarring oor wat ons God van ons verlang nie. Hy het EENMAAL sy WOORD laat saamstel en HY verander nie weer daaraan nie.

Sy planne en beloftes vir Sy kinders is onveranderlik: 2Kor 1:20 Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons.

4. Regverdig:

Die Bybel leer ons dat God regverdig is. Hy is regverdig in sy oordeel en **optrede. Hy sal nooit een mens bo 'n ander bevoordeel nie.** Wat vir die een geld, geld ook vir die ander. Hy is ewe streng met almal en Hy het almal ewe lief. Dieselfde verordeninge en gebooie geld vir almal.

Exo 20:6 en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

Neh 9:33 Maar U is regverdig in alles wat oor ons gekom het; want U het getrou gehandel, maar ons het goddeloos gehandel;

2Kron 19:7 Mag die skrik vir die HERE dan nou op julle wees; handel nougeset, want by die HERE onse God is geen onreg of partydigheid of aanneming van geskenke nie.

5. Barmhartig en Genadig:

God is Barmhartig en Genadig teenoor ons. Genadig in dié sin dat ons nie ontvang dít [die hel] wat ons wél verdien nie, en Barmhartig in die sin dat ons dít ontvang [saligheid, die hemel] wat ons nie verdien nie.

2Kron 30:9 Want as julle jul tot die HERE bekeer, sal julle broers en julle kinders barmhartigheid vind voor die wat hulle as gevangenes weggevoer het, sodat hulle na hierdie land kan terugkom; want die HERE julle God is genadig en barmhartig, en Hy sal die aangesig van julle nie afwend nie as julle jul tot Hom bekeer.

Heb 8:12 Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.

Ps 103:8 Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

6. Lankmoedig en Goedertieren:

Volgens die HAT woordeboek beteken:

Lankmoedig ‘**wat baie kan verdra sonder om kwaad te word.**’

Goedertieren ‘**genadig, barmhartig, lankmoedig.**’

God is waarlik lankmoedig en goedertieren teenoor die mensdom. As ons maar net kyk hoe dit in die wêreld rondom ons lyk, is dit vir ons moeilik om te verstaan dat **so ‘n Heilige God** nog nie al die ongeregtigheid en sonde gestraf het nie, maar dit is waar God se lankmoedigheid en goedertierenheid geopenbaar word, asook sy barmhartigheid en genade.

Num 14:18 Die HERE is lankmoedig en groot van goedertierenheid, wat die ongeregtigheid en oortreding vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie, wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag.

Dan 9:4 En ek het tot die HERE my God gebid en belydenis gedoen en gesê: Ag, Here, grote en gedugte God, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou,

Kol 3:12 Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.

2Pet 3:9 Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.

7. Alwetend:

God is Alwetend. HY besit alreeds alle kennis. En SY kennis is volmaak. Niemand kan HOM iets leer nie. HY ken reeds die einde nog voor die

begin. **God is ‘n God van voorkennis.** HY weet presies wat gaan **waar en wanneer, gebeur.** Niks is vir **HOM ‘n verrassing nie.** Dis onmoontlik om iets vir HOM weg te steek. Ons wonder wat môre inhou, maar HY weet baie méér as nét wat môre inhou. HY sien tot vêr in die ewigheid. Voor ons gebore is, het HY alreeds geweet wat die beloop van ons lewens sou wees en wanneer ons sterf datums sou wees. HY word nooit onverhoeds gevang nie. Geliefdes, is dit nie wonderlik vertroostend nie? Al verras die vyand ons soms met die dinge wat hy ons pad langs bring, kan hy ons **GOD NOOIT** verras nie! HY is altyd voorbereid, met die oplossing alreeds gereed!

Jer 1:5 (a) Voordat Ek jou (Jeremia) in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken.....

Jes 40:27 Waarom sê jy dan, o Jakob, en spreek jy, o Israel: My weg is vir die HERE verborge, en my reg gaan by my God verby?

Mat 6:8 Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.

1Kon 8:39 wil U dan hoor in die hemel, u vaste woonplek, en vergewe en handel en aan elkeen gee volgens sy weë, U wat sy hart ken—want U alleen ken die hart van al die mensekinders—

1Joh 3:20 want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles.

Jes 46:9 Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie;

Jes 46:10 wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen;

8. Almagtig:

God is Almagtig! HY is in staat om te doen net wat HOM behaag. Daar is niks wat HOM kan beperk nie, behalwe die beperkings wat HY op HOMSELF plaas.

Job 42:2 Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie.

Gen 18:14 Sou iets vir die HERE te wonderbaar wees?

1Sam 2:6 Die HERE maak dood en maak lewend; Hy laat neerdaal in die doderyk en laat daaruit opkom.

1Sam 2:7 Die HERE maak arm en maak ryk; Hy verneder, ook verhoog Hy.

9. Alomteenwoordig:

God is ook Alomteenwoordig! HY is te alle tye teenwoordig op alle plekke. Terwyl SY troon in die hemel is, is HY tog ook altyd oral op die aarde teenwoordig. Daar is geen grense wat HOM kan beperk nie.

Spr 15:3 Op elke plek is die oë van die HERE, en hulle beskou opmerkzaam die slegtes en die goeies.

Jer 23:23 Is **Ek 'n God van naby, spreek die HERE, en nie 'n God van ver nie?**

Jer 23:24 Sou iemand hom in skuilplekke kan wegsteek dat Ek hom nie sien nie? spreek die HERE. Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? spreek die HERE.

Psa 139:7 Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?

Psa 139:8 Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die dode-ryk my bed, kyk, U is daar!

Psa 139:9 Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon,

Psa 139:10 ook daar sou u hand my lei en u regterhand my vashou.

Psa 139:11 En as ek sê: Mag tog net die duisternis my oorval en die lig nag wees tot my beskutting,

Psa 139:12 dan is selfs die duisternis vir U nie donker nie, en die nag gee lig soos die dag, die duisternis is soos die lig.

10. Soewerein:

God is Soewerein! Soewereiniteit is die eienskap waardeur HY SY hele skepping regeer. Dit is in werklikheid die aanwending van SY ander eienskappe. Eienskappe soos Alwetendheid en Almagtigheid. Dit maak HOM geheel en al vry om te doen wat HY weet die beste is. God is in beheer van alles wat gebeur. Die mens en ook die hele skepping behoort aan God. HY is die SKEPPER daarvan. Dit is SY eiedom.

En tog het HY die mens gelaat met 'n eie vrye wil, om sy eie keuses in die lewe te maak. Dit staan die mens vry om God se leiding te gehoorsaam of

te verwerp. Hier op aarde KIES ons of ons hemel toe wil gaan en of nie. Die keuse berus geheel en al by ons. Ons KIES om GOD te gehoorsaam of om ons eie wil na te volg en die dinge wat die wêreld en die vyand aanbied te geniet. Daarom word die mens dan ook verantwoordelik gehou vir die keuses wat hy maak.

Psa 135:6 Alles wat die HERE behaag, doen Hy, in die hemel en op die aarde, in die seë en al die dieptes.

Dan 4:35 En al die aardbewoners word as niks geag nie, en na sy wil handel Hy met die leër van die hemel en die bewoners van die aarde, en daar is niemand wat sy hand kan afslaan en vir Hom kan sê: Wat doen U nie?

Efes 1:11 **in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons** vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil,

11. Goedheid:

God is GOED, Halleluja, God is GOED!!! Dit is hierdie goedheid van GOD wat al SY kosbare seëninge op SY kinders uitstort. Dit is hierdie goedheid wat veroorsaak dat GOD lankmoedig en verdraagsaam teenoor die sondaar en die swakhede van die mens optree.

Psa 119:68 U is goed en doen goed; leer my u insettinge.

Psa 145:9 Tet. Die HERE is vir almal goed, en sy barmhartighede is oor al sy werke.

Mar 10:18 En Jesus sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik God.

12. Oneindigheid:

God bestaan van altyd af. Daar is geen begin aan SY bestaan nie, en daar sal ook geen einde aan SY bestaan wees nie. HY was altyd en sal altyd wees. Tyd is SY skepping. HY is nie afhanklik daarvan nie. HY is ook nie gebonde daaraan nie. As HY nie vir ewig was nie, sou SY belofte van die ewige lewe vir die wat Jesus volg, van geen waarde wees nie. Omdat God ewig is, is al sy karakter eienskappe ook ewig.

Psa 33:11 Die raad van die HERE bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag.

Psa 90:2 Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortbring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God.

Heb 1:8 maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, **die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer;**

Heb 1:10 en: U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande.

Heb 1:11 **Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos 'n kleed verslyt,**

Heb 1:12 **en soos 'n mantel sal U hulle toerol, en hulle sal verander word, maar U is dieselfde, en u jare het geen einde nie.**

13. Heilig:

God is absoluut Heilig! Dit is dan ook die karaktertrek waarop God self die meeste klem lê in SY Woord. As gevolg van SY Heiligheid kan God sonde glad nie aanvaar of oorsien nie. Daar is absoluut geen sonde of bose gedagte in God nie. Hy is so heilig HY kan sonde nie eens aanskou nie.

Hab 1:13 U, wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie—waarom aanskou U die trouelose, swyg U wanneer die goddelose dié verslind wat regverdiger is as hy?

Jes 6:3 En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!

1Pet 1:15 Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,

1Pet 1:16 omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.

14. Waarheid:

God is waarheid. HY kan nie lieg nie. En dit is ook duidelik uit die Skrif dat HY leuens haat en straf.

Num 23:19 God is geen man dat Hy sou lieg nie; **of 'n mensekind** dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of

spreek en dit nie waar maak nie?

Joh 3:33 Wie sy getuienis aangeneem het, het sy seël daarop gesit dat God waaragtig is.

Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Psa 119:160 Die hele inhoud van u woord is waarheid, en al u regverdige verordeninge is tot in ewigheid.

God is waarheid, SY Woord is die waarheid en Jesus is die waarheid.

15. Wysheid:

God is wysheid. Alle wysheid, kennis en verstand wat op hierdie aarde is, kom van God af. Dit is SY wysheid wat hy aan die mensdom uitdeel. Die ware diepte en rykdom van die wysheid en kennis van God is onnaspeurlik!

Rom 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!

Die Woord van God leer ons dat al die skatte van wysheid en kennis in God die Vader verborge is.

Kol 2:2 deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus,

Kol 2:3 in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is.

HY het die aarde en die hele uitspansel deur sy wysheid, kennis en verstand geskep en HY hou dit ook in stand.

Jer 10:12 Hy wat die aarde gemaak het deur sy krag, wat die wêreld gegrond het deur sy wysheid en die hemel uitgespan het deur sy verstand.

God stel Sy wysheid tot beskikking van die mens tot ons heerlikheid. Om HOM te ken en te dien, en ook om aan die owerhede en magte in die hemele die wysheid van God bekend te maak.

1Kor 2:7 Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlikheid,

Efes 3:10 sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,

Efes 3:11 volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here,

Al hierdie voorregte, het JESUS vir ons ‘gekoop’ op die heuwel van Golgotha. HY het met SY eie bloed daarvoor betaal.

Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE:
Wat meer kan ons sê as dit wat die Skrif so duidelik hier onder uitspel.

Die toppunt van wysheid, is om die HERE te vrees. Ons kan nie na ’n groter of beter wysheid streef, as juis dít nie.

Psa 111:10 Resj. Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; Sin. **almal wat dit beoefen, het ’n goeie verstand.**
Tau. Sy lof bestaan tot in ewigheid.

Spr 9:10 Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige[GOD] is verstand.

Gees van wysheid:

Die Skrif leer ons in Jes 11:2 van die sewe eienskappe van die Gees van God, en ook dat hierdie Gees op JESUS sal rus. Ons wil hê dat u mooi moet kennis neem van die laaste gedeelte van hierdie Skrif gedeelte. Selfs van JESUS word daar gemeld dat die **“vrees van die HERE”** op **HOM gerus het. Dan herinner ons u weer daaraan dat die “vrees van die HERE”** die beginsel van die wysheid is.

Jes 11:2 en op Hom[JESUS] sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.

Exo 28:3 Jy moet ook spreek met almal wat kunsvaardig is, wat Ek met die gees van wysheid vervul het, dat hulle vir Aäron klere maak, om hom te heilig, dat hy vir My die priesteramp kan bedien.

Exo 31:3 en Ek het hom vervul met die Gees van God, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk,

Hierdie GEES van die HERE vervul ons nie net met wysheid nie, maar ook met kennis, verstand en bekwaamheid vir allerhande werk.

Efes 1:17 dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlijkheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee
Die GEES van wysheid bekwaam ons ook met openbarings kennis van God.

Wysheid van bo:
Dit is duidelik wysheid wat van GOD af kom.

Jak 3:17 Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vreedeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.

Bid om wysheid:
Wanneer ons wysheid kortkom, kan ons God daarvoor vra . Sy Woord leer ons dat HY dit sal gee, sonder om te verwyte.

Jak 1:5 En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyte, en dit sal aan hom gegee word.

16. Voortreflik:

God het NIKS van ons nodig nie. Nie van die mens nie, en ook nie van die aarde of die heelal nie. Hy bestaan uit en van HOMSELF. Hy is afhanklik van NIKS en NIEMAND nie.

Hand 17:25 Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee.

Kol 1:16 want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.

Kol 1:17 En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.

Alles wat HY geskape het is, vir SY plesier geskape.

Open 4:11 U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlijkheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan

hulle en is hulle geskape.

Die King James Version **vertaal dit as volg:** “Thou art worthy, O Lord, to receive glory and honour and power: for thou hast created all things, and for thy pleasure they are and were created.”

Dit wat GOD geskape het, het hy geskape vir SY plesier. Om te dink dat HY die mens geskape het om aan HOM plesier te verskaf. Dan moet ons ons koppe in skaamte laat sak, want die mens het HOM nog maar bitter min plesier verskaf. Ons kan egter, deur HOM te dien en SY Woord getrou na te volg, aan HOM plesier verskaf, al is daar so baie ander wat nie bereid is om dit te doen nie.

17. Groot en Onbegryplik!

Die grootheid en goedheid van GOD is baie moeilik om te beskryf en vir die mens opbegryplik. Die menslike verstand beskik nie oor die vermoë om dit waarlik te begryp en te verstaan nie. Ons kan maar net dankbaar wees en GOD eer en respekteer daarvoor. Dat HY in SY onbegryplike grootheid na die mens neergebuig het en in liefde na ons uitgereik het. HY is waarlik hoog en verhewe soos die liedjie sê, en tog het HY SY skep-sel, die mens, oneindig lief.

Job 36:26 Kyk, God is groot en onbegryplik vir ons; die getal van sy jare is onnaspeurlik.

Rom 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!
Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!

Rom 11:34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?

Rom 11:35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit Hom vergeld moet word?

Rom 11:36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Jes 55:8 Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE.

18. ‘n God van orde:

Ons het maar net nodig om na die skepping te kyk om te sien dat die **Skepper nie ‘n God van wanorde kan wees nie. In die Skrif vind ons dan ook verskeie opdragte wat op ‘n ordelike wyse uiteengesit is.**

Spr 24:27 Maak jou werk buitekant reg, en bring dit vir jou op die land in orde; daarna moet jy dan jou huis bou.

Mar 16:16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

Hand 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

1Kor 14:33 want **God is nie ‘n God van wanorde** nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges.

19, ‘n God van ‘n verterende vuur:

Hierdie God van liefde, is ook ‘n God van ‘n verterende vuur, WIE ons welbehaaglik moet dien met vrees en eerbied.

Heb 12:28 **Daarom, omdat ons ‘n onwankelbare koninkryk ontvang,** laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees.

Heb 12:29 **Want onse God is ‘n verterende vuur.**

Dit kan dan ook vreeslik wees om in die hande van hierdie lewendige GOD te val. HY sal almal straf wat die kosbare bloed van SY seun JESUS CHRISTUS onder hulle voete vertrap het.

Heb 10:28 As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie;

Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

Heb 10:30 Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel.

Heb 10:31 **Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewendige God.**

Ons moet nooit vergeet dat ons HEILIGE GOD gladnie sonde en ongeregtigheid kan verdra nie. HY het SY eie seun gestuur om die verskriklike straf van ons sonde op HOM te neem, omdat ons GEEN offer gehad het om aan te bied, wat voldoende sou wees nie. En HY sal wraak neem op almal wat daardie groot offer minag en vertrap.

Rom 1:18 Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk,

20. Hy is ‘n jaloerse God:

Die Skrif leer ons dat GOD ‘n jaloerse GOD is wat SY eer met niemand deel nie. Wanneer ons aan HOM behoort, behoort ons slegs aan HOM en HOM alleen. HY deel ons nie met die wêreld en die wêreld se plesiere nie. Ons is SY eiendom. Dit behoort ons so geborge te laat voel. Om te dink dat so ‘n GROOT en WONDERLIKE GOD, ons liefde en gehoorsaamheid so begeer, dat HY jaloers oor ons waak. HY wil ons met NIKS en NIEMAND deel nie.

Exo 34:14 **Want jy mag jou nie neerbuig voor ‘n ander god nie; want die HERE se Naam is Jaloers—’n jaloerse God is Hy.**

Deut 4:24 **Want die HERE jou God is ‘n verterende vuur, ‘n jaloerse God.**

Jes 42:8 Ek is die HERE, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie.

Paulus skryf aan die gemeente van Korinthiërs die volgende:

2Kor 11:2 Want **ek is jaloers oor julle met ‘n goddelike jaloersheid**, want ek het julle aan een man[Christus] verbind, om **julle as ‘n reine maagd aan Christus** voor te stel.

2Kor 11:3 Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus.

Net so waak baie herders vandag nog met dieselfde ‘goddellike jaloesie’, oor die kudde wat hulle as ‘maagde’ aan Christus voorgestel het. Ons mag hulle nie kwalik neem oor hierdie ‘goddellike jaloesie’ wat hulle openbaar nie. Hulle dra slegs ons belange op die hart en wil verhoed

dat ons afvallig raak en verlore gaan. In stede daarvan behoort ons liewer waardering aan hulle te betoon.

21. HY is Hoog en Verhewe, Majestieus:

Daar is niemand so hoog en verhewe en waardig soos ons Skepper God nie. Sy majesteit is tot in ewigheid.

Job 37:22 Uit die Noorde kom goud te voorskyn, maar oor God is daar ontsagwekkende majesteit.

Ps 8:2 o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele.

Mat 5:34 Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie—nie by die hemele nie, omdat dit die troon van God is;

Mat 5:35 ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning[Jesus];

Jes 6:1 In die sterfjaar van koning Ussía het ek die Here sien sit op **‘n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul** het.

22. Die een en enigste GOD:

God die Skepper is die een en enigste God. Daar is geen ander God nie. Al die ander wat beweer dat hulle gode is, is valse leuenaars.

Deut 6:4 Hoor, Israel, **die HERE onse God is ‘n enige HERE.**

Isa 45:21 Verkondig en bring voor, ja, laat hulle saam raad hou: Wie het dit van ouds af laat hoor, lank tevore dit verkondig? Is dit nie Ek, die HERE, nie? **En buiten My is daar geen ander God nie: ‘n regverdige en reddende God is daar buiten My nie.**

Isa 45:22 Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie.

1Kor 8:6 tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.

1Tim 2:5 Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus,

Die vrees van die Here:

Voordat ons verder gaan wil ons net 'n oomblik vertoef by hierdie baie belangrike onderwerp. Ons het nou alreeds geleer dat die toppunt van wysheid, die vrees van die Here is. Ongelukkig het te veel mense **alreeds hulle vrees vir die Here verloor. Dít is 'n baie gevaarlike situasie.** Behalwe dat die vrees van die Here die toppunt van wysheid is, leer die Skrif ons ook die volgende:

Pred 12:13 Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooië; want dit geld vir alle mense.

Spr 14:27 Die **vrees van die HERE is 'n fontein van die lewe**, om van die strikke van die dood af te wyk.

Spr 23:17 Laat jou hart die sondaars nie beny nie, maar wees die hele dag in die vrees van die HERE.

Jes 33:6 En daar sal bestendigheid van jou tye **wees, 'n rykdom** van volle verlossing, van wysheid en kennis; die vrees van die HERE sal sy skat wees.

Hand 9:31 En die gemeentes deur die hele Judéa en Galiléa en Samaría het vrede gehad; en terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermeerder.

Sal dit nie wonderlik wees as gemeentes weer kan wandel in die vrees van die Here, nie? Omdat die mens sy vrees vir die Here verloor het, het hy ook sy vrees vir die hel verloor. Hy het sy vrees vir die straf van die sonde verloor. Nou dink die mens hy kan doen en lewe soos hy wil. God se Woord en SY Gebooië is van geen belang meer nie. Almal beweer dat hulle ook die Heilige Gees in hulle het en so regverdig hulle alles wat hulle doen. Nie eers die Woord van God kan hulle oortuig dat **daar dinge is wat vir God ontoelaatbaar is nie. Heiligmaking het 'n goedkoop woord** geword, wat nie meer, in baie kinders van die Here, se woordeskat bestaan nie. Niemand weet werklik wat Heiligmaking beteken nie, en hulle stel ook nie belang om uit te vind nie. = **Afgesonder vir God as Heilige Priesterdom, en afgesonder van die wereld (Psm 1:1-6) .**

Jou absolute afsondering en toewyding tot die diens van God. Dit is 'n inplanting van die goddelike natuur en 'n totnietmaking van die sondige menslike natuur wat in die eerste Adam sterf. 'n Algehele oorwinning van die Gees teenoor die vlees in die lewe van 'n mens.

1Pet 1:15 Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, **moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,**

1Pet 1:16 omdat daar geskrywe is: **Wees heilig, want Ek is heilig.** (1 Thes 5:23(b) .. gees, siel en **liggaam [Uiterlik] drie ledig** - onberispelik bewaar word by die Wederkoms.)

God eis dit van ons, dat ons HOM moet vrees: Dit is deel van die karakter van God.

Deut 10:12 En nou, Israel, wat **eis** die HERE jou God van jou as net om die HERE jou God te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die HERE jou God te dien met jou hele hart en met jou hele siel,

God wil ons onderrig: Daarom het HY SY Woord aan ons nagelaat.

Deut 8:5 Erken dan in jou hart dat die HERE jou God jou onderrig **soos 'n man sy seun onderrig,**

Deut 8:6 en hou die gebooe van die HERE jou God om in sy weë te wandel en Hom te vrees.

Psa 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.

Psa 94:12 Welgeluksalig [Amplified Bible = happy, fortunate, to be envied] is die man, o HERE, wat U onderrig en wat U leer uit u wet,

Die man wat deur die Here onderrig word uit die wet van die Here is, **met ander woorde, 'n benydenswaardige persoon.**

God is 'n Verbonds God:

Ons lees in die Skrif van verskeie verbonde wat God gesluit het met die mens. **Ons gaan slegs na 'n paar voorbeelde kyk.**

1. Noag: Hierdie verbond met Noag is van toepassing op die hele mensdom. Die teken van hierdie verbond is die reënboog. Om ons

daaraan te herinner dat God nooit weer die aarde sal verdelg deur 'n waternvloed nie, en ook om ons daaraan te herinner dat God sonde straf. **Dit is sonde wat veroorsaak het dat daar so 'n geweldige waternvloed was.** Alhoewel Noag ongeveer 120jaar vir hulle gepreek het om hulle te bekeer, het hulle doodeenvoudig geen ag daarop geslaan nie. God straf nog steeds sonde.

Gen 9:12 En God het gesê: Dit is die teken van die verbond wat Ek sluit tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, vir ewige geslagte:

Gen 9:13 my boog gee Ek in die wolke; dit sal **'n teken wees van die verbond** tussen My en die aarde.

Gen 9:14 As Ek dan wolke oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolke,

Gen 9:15 dan sal Ek dink aan my verbond wat daar bestaan tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees. En die waters **sal nie meer 'n vloed word om alle vlees te verdelg nie.**

2. Abraham: Hierdie is die verbond van die besnydenis. **Dit is 'n verbond** tussen God en Abraham en sy nageslag—die volk Israel.

Gen 17:9 Verder het God aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag.

Gen 17:10 Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word—

Gen 17:11 julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit **sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle.**

God het dan ook aan Abraham gesê dat al die nasies in sy nageslag geseën sou wees. [Deur Jesus Christus wat uit die nageslag van Abraham gebore sou word.]

Gen 22:18 En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het.

KJV— Gen 22:18 And in thy seed shall all the nations of the earth be blessed; because thou hast obeyed my voice.

Gal 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus.

Ons as heidense nasies moet nie in die vlees besny word nie, maar ons

‘harte’ moet besny wees. Ons ‘besnydenis’ verkry ons deur Jesus Christus wat in die vlees gekom het en vir ons sondes kom sterf het.

Kol 2:11 **in wie julle ook besny is met ‘n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus,**

Rom 2:29, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God.

3. Moses: **Hierdie verbond met Moses en die volk Israel, is ‘n voorwaardelike verbond.** Dit sluit die tiengebooe en die Wet in. Indien jy gehoorsaam is aan die wette en verordeninge van die Here, sal HY jou seën. Indien jy ongehoorsaam is, rus die vloek op jou.

Deut 11:26 Kyk, ek hou julle vandag seën en vloek voor—

Deut 11:27 die seën as julle luister na die gebooe van die HERE julle God wat ek julle vandag beveel;

Deut 11:28 en die vloek as julle nie luister na die gebooe van die HERE julle God nie, maar afwyk van die weg wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop wat julle nie geken het nie.

4. Dawid: **Dit is ‘n onvoorwaardelike verbond met Dawid en sy nageslag.** Dat daar uit die geslag van Dawid altyd iemand op die troon van Dawid sal sit.

2Sam 7:16 En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid.

Aan die einde van tyd sal Jesus [uit die geslag van Dawid] op die troon van Dawid sit.

Luk 1:32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,

Luk 1:33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

5. Die Nuwe Verbond of Genade Verbond: Hierdie verbond sluit sondevergifnis in. Dit is oorspronklik met Israel gesluit en later uitgebrei na die heidense nasies deur die prys wat Jesus Christus vir ons sondes

betaal het aan die kruis van Golgotha.

Jer 31:31 Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van **Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit;**

Jer 31:33 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle bin-
nesten en skrywe dit op hulle harte; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Heb 9:1 So het dan die eerste verbond sowel verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad.

[Ons beveel aan dat u die hele hoofstuk van Heb 9 lees. Dit handel oor die tabernakel, die diensorde, ens.] Sien ook middelbladskets.

Heb 9:11 Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie,

Heb 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met **sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.**

Heb 9:15 En **daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.**

Heb 9:18 Daarom is ook die eerste testament nie sonder bloed ingewy nie;

Heb 9:19 want toe elke gebod volgens die wet deur Moses aan die hele volk aangekondig is, het hy die bloed van die kalwers en bokke saam met water en skarlakenrooi wol en hisop geneem en die boek self en die hele volk besprinkel

Heb 9:20 en gesê: Dit is die bloed van die testament wat God met die oog op julle verorden het.

Heb 9:22 En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.

Heb 9:24 **Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;**

Heb 9:26 want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen. Deur Sy kosbare bloed-offer het Jesus Christus elkeen [wat wil] ingesluit by hierdie groot Genade Verbond van God die Vader.

God koester goeie gedagtes aangaande SY kinders:

Jer 29:11 Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, **om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.**

Jer 29:12 Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister.

Jer 29:13 En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.

Jer 29:14 En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE, en julle lot verander

Jesus Christus, die Seun van God, beskik oor dieselfde eienskappe en karaktertrekke as SY Vader, omdat hulle een is. HY in die VADER en die VADER in HOM.

Joh 17:21 dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

Dieselfde geld dan ook vir die Heilige Gees. Hy is ook een met die Godheid. Hy is net meer aktief hier op aarde, omdat Hy gestuur is om die kerk by te staan. Vir meer volledige inligting oor die Heilige Gees, sien ons boekie oor die Heilige Gees.

Ons wil geensins beweer dat hierdie werk volledig is nie. Wie kan GOD ooit werklik ken? Wie kan God in enige geskrif ten volle uitbeeld? Dit is **onmoontlik!!! Ons vertrou egter dat u 'n klein kykie gekry het in 'n paar** van die karaktertrekke en eienskappe van die Godheid.

1Sam 2:2 Niemand is heilig soos die HERE nie; ja, daar is niemand buiten U, en daar is geen rots soos onse God nie.

Daar is niemand soos ons God nie. Niemand so Heilig, niemand so Groot en Magtig, niemand so Solied Betroubaar en Onbeweeglik Stabiel soos ons GOD nie. Amen, Amen !!!!!

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en **die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,.. “MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Web tuiste: ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

